

ALGEMEEN

Waarom het ons 'n nuwe Studente-inligtingstelsel nodig?

Ons huidige, intern ontwerpte Adabas Natural-studente-inligtingstelsel (SIS), wat deurlopend sedert 1989 ontwikkel is, is aan die einde van sy lewensiklus. Die stelseltegnologie is verouderd, programmeringsvaardighede is skaars, en belangrike ontwikkelings- en steunpersoneel tree binnekort af.

Op strategiese vlak moet ons toegang verbreed deur meer buigsaam te wees in ons bedrywighede. Dít sluit in die vermoë om ook nie-tradisionele kursusse en programme, semesters en kwartale, hibriede leer, ensovoorts te bestuur. Boonop het ons akkurate, intydse data nodig wat deur middel van gebruikervriendelike ontledingsinstrumente en paneelborde voorsien word om meer ingeligte, doeltreffende institusionele besluite te neem.

Hierdie projek is nie tot 'n enkele organisatoriese omgewing beperk nie, maar strek oor die hele instelling.

Hoe sluit hierdie projek aan by die Universiteit se oorhoofse strategie?

Die projek ondersteun vyf van die US se kern strategiese temas waarmee die Universiteit die volgende eeu sal betree. Dié temas is soos volg:

- **'n Florerende Universiteit Stellenbosch**

Gedurende die eksterne evaluering van die Registrateursafdeling (RA) in 2017 het die paneel opgemerk dat die Studente-inligtingstelselprojek (soos dit destyds genoem is) waarskynlik een van die belangrikste faktore is om die strategiese prioriteite van nie net die RA nie, maar van die ganse instelling te verwesenlik. Met die SUNStudent-projek (soos dit deesdae bekend is) sal ons 'n doelgeskikte stelsel skep wat diepgaande en volhoubare verandering en vernuwing in alle fasette van die administrasie van die studentelewensiklus sal teweegbring, van werwing tot graduering en daarna. Die stelsel sal ook verslagdoening oor studentedata verbeter. 'n Soepel, aanpasbare en responsiewe stelsel vir studente-administrasie en -inligting sal die US help floreer.

- **'n Transformerende studente-ervaring**

Die stelsel sal 'n unieke, pasgemaakte studente-ervaring bied deur ons studentegemeenskap van omvattende steundienste en leiding van gehalte te voorsien, en akkurate, flink en gepaste kommunikasie met ons teikenstudentekohorte moontlik te maak.

- **Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke**

Die stelsel sal skakelingsgeleenthede vir, en die US se bande met, ons uitgebreide alumnigemeenskappe help versterk en uitbou.

- **Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer**

Die projek sal die digitale strategie as 'n grondslag vir digitale vaardigheid ondersteun. Dit sal ook die voortgesette vernuwing van die Universiteit se akademiese programme verseker deur 'n stelselmatige proses met duidelik omskrewe rolle en verantwoordelikhede vir die verskillende rolspelers.

- **Voorkeurwerkgewer**

Die stelsel sal die welstand van ons personeel help verbeter deur 'n instaatstellende omgewing te skep vir groter doeltreffendheid en verhoogde produktiwiteit. Dít sal personeel se gevoel van sin en waarde binne die instelling versterk omdat hulle tot 'n uitnemende US bydra.

Wie is betrokke by die projek?

Alle personeel in steun- en akademiese rolle wat met studente skakel, studente-inligting gebruik en/of akademiese administratiewe take of prosesse uitvoer.

Wat is die projekomvang?

Die projek sluit die volgende studente-administrasiefunksies in:

Toelating - Kurrikulumbestuur - Katalogus - Koshuisbestuur - Voornemende studente - Finansiële bystand - Studenterekeninge/-geld - Terugbetaling van studenteleninge - Registrasie - Instandhouding van akademiese rekords - Ko-kurrikulêre inligting - Eksamenvergunnings (bv. ekstra skryftyd) - Nagraadse bestuur - Programprogressie van studente - Hertoelating (assessering van studente om studie voort te sit) - Studente-assessering/vaslegging van punte - Tesisbestuur - HEMIS - SUNi - Mentor-/akademiese steun - Verkiesings - Lokaalbesprekings en klastoekenning - Vereniging- en sportklubbestuur - Handboekbestellings - Eksamenbestuur - Somer-/winterskole - Graadoudits en graduering - Bestuur van etebesprekings in eetsale - Amptelike verslagdoening - Dissiplinêre optrede

Hoe lyk die projektydlyn?

Hoewel die stelselvernuwingsprojek aanvanklik in 2013 begin het, het implementering van SUNStudent in Mei 2018 'n aanvang geneem. Dit sal na verwagting teen die einde van 2021 voltooi wees. [Klik hier vir die projektydlyn.](#)

Waar kan ek die projekplan kry?

Klik gerus op die knoppie "[Projekbestuur](#)" op die SUNStudent-webtuiste.

Hoe skakel die projekmylpale in by die US se akademiese kalender?

Projekfunksies sal geaktiveer word soos en wanneer die aktiwiteit in die loop van 'n akademiese jaar moet begin.

Wat word van my verwag met betrekking tot die projek?

Vir die bloudrukfase van die projek sal ons jou vra om werksessies by te woon en kommentaar te lewer waar dit nodig is. Benut asseblief hierdie geleentheid om vrae te vra, enige kwessies te opper en terugvoering te gee.

Hoe en wanneer sal die US oor die projek kommunikeer?

Verskeie kanale sal vir kommunikasie gebruik word. Dit sluit in die SUNStudent-webtuiste, die e-nuusbrief vir personeel, en toegespitste boodskappe op die institusionele webtuiste.

Sê nou ek het vrae oor die projek?

Stuur gerus 'n e-pos na sunstudent@sun.ac.za. Jou versoek sal aan die Projekbestuurskomitee (PBK) voorgelê word, wat dit sal hanteer of, indien dit nodig is, verder sal verwys.

Wat beteken "wolkdienste"?

Dit beteken dat die SUNStudent-sagtewaretoepassing of -stelsel nie meer op die kampus in die US se datasentrums bestuur word nie, maar in sogenaamde "wolkdatasentrums", wat deur maatskappye soos Microsoft bedryf word. Daarbenewens voorsien Serosoft die SUNStudent-stelsel as 'n diens, wat beteken hulle is verantwoordelik vir betroubare stelselwerking, rugsteunkopieë, bedryfskontinuiteit en stelselresponsiwiteit. Die US betaal vir hierdie diens in plaas daarvan om op die US se Afdeling IT staat te maak om die stelsel te bedryf en te bestuur.

Sal die SUNStudent-implementering my werk beïnvloed?

In hierdie stadium is dit nog nie duidelik of en hoe enige rolle geraak sal word nie. Die stelsel sal na verwagting doeltreffendheid verbeter sodat personeellede slimmer kan werk, nie harder nie. Die werklike impak hiervan sal eers na implementering duidelik wees, en sal ook nie dieselfde wees vir die hele instelling nie. Die spesifieke omgewing sal die impak van nuwe funksies in die stelsel op bestaande posomsrywings moet bepaal en dan die nodige aanpassings maak.

Wat is 'n "supergebruiker"?

'n "Supergebruiker" is die US-persoon wat eerste gekontak moet word indien jy enige probleem ondervind, nuwe of beter werkswyses wil voorstel of opleiding kort.

Hoeveel supergebruikers sal daar wees?

Dit is nog nie in hierdie stadium bekend nie, want dis nog te vroeg in die proses.

Wat sal gebeur as die internet af is?

Die risiko van staantyd word teengewerk deur oortollige netwerkkroetes te hê na en van die (primêre en sekondêre) datasentrums waar SUNStudent bedryf word, en deur enkelonklaarrakingspunte tussen die datasentrums en die kampusse uit te skakel.

Tot watter funksies sal studente op hulle selfone toegang hê?

Die toepassing is toestel-agnosties, wat beteken die stelsel kan vanaf enige toestel met internettoegang gebruik word. Gebruikers se toegang tot funksies en data (hetsy op 'n persoonlike, skoot- of tabletrekenaar of foon) sal deur hulle toegekende rol bepaal word.